

## Aktiwiteit 7.1



### Groepwerk

1. Verduidelik wat 'n stapel is en wat *LIFO* beteken.
2. Noem twee belangrike metodes wat by stapels gebruik word.
3. Noem twee maniere om stapels in Java te implementeer.
4. 'n Verspreidingsmaatskappy verpak tydskrifte volgens bestelling en lewer dit dan by die intekenaars se huise af. Gebruik die Stack-klas van Java om die volgende tydskrifte wat opmekaar geplaas is in te lees en daarna te vertoon: Magnum, Car-Magazine, De Kat, Rooi Rose, Zig-Zag, Seventeen, Groovy Chick.
5. Sjokolade word deur die groothandelaar versprei. Dit word in bokse verpak. Gebruik 'n skikking om die stapel na te boots. Die volgende sjokolade word verpak: Nutties, After-eight, Hearts, Top-deck, Thoughts, Wispers, Quality Street, Toblerone.

## Toue (*queues*)


### Klas: `LinkedList` (pakket – `java.util`)



#### Wat is 'n tou (*queue*)?

'n Tou is 'n houer (*container*) waar items van een kant af (agter) ingesit word en van die anderkant (voor) verwyder word. Die eerste item word eerste verwyder – **first-in, first-out** – daarom is die tou 'n **FIFO**-datastruktuur.

Pakkie eerste in en eerste uit



#### Belangrike metodes wat by toue gebruik word

Metode	Beskrywing
<code>enqueue()</code>	Plaas items (objekte) in 'n tou van die een kant af ( <i>tail</i> ).
<code>dequeue()</code>	Verwyder die items (objekte) uit die tou van die ander kant af ( <i>head</i> ).